

26 Julie

Skrifgedeelte: Romeine 7:7-25
Fokusgedeelte: Romeine 7:24, 25a

Deur Christus is ek oorwinnaar in die sondestryd

Elke gelowige ken in sy lewe die stryd wat Paulus ook gestry het (vs 19): “Die goeie wat ek wil doen, doen ek nie, maar die slegte wat ek nie wil doen nie, dit doen ek.” As kind van die Here staan jy elke dag voor hierdie konflik in jou lewe. Jy probeer so hard om die Here lief te hê en van harte te dien, net om te ontdek dat jy telkens hierin faal. Jy is ‘n swak mens wat worstel met versoekings, innerlike swakhede, wrokke, skuldgevoelens, vrese en liefdeloosheid. Jy bly egter teen die sonde stry, want jy haat dit. Maar elke keer moet jy ontdek: As ek die sondestryd in eie krag aanpak, verloor ek dit. Die gevolg is dat ek dikwels moedeloos gestry is. Dit voel of dit met my verby is. Ek kan tog nie gered word nie. Kyk net hoe lyk my lewe! Elke dag maak ek my sondes net meer en meer.

Nou moet ek weet waarheen ek moet vlug met my sondes en my sondestryd. Terug na die kruis toe! Terug na Christus toe! Paulus skreeu die antwoord uit in vers 24: “Aan God die dank! Hy doen dit deur Jesus Christus ons Here.” As my gewete my stukkend geslaan het, kry ek salf vir my wonde nét by Christus. Hy bedek my sondes met sy bloed. Hy gee deur sy Gees vir my selfs die krag om teen my sondes te stry en te oorwin – nie in eie krag nie, maar alleen deur sy genade. Jy is oorwinnaar slegs as Christus volmag oor jou lewe het. Slegs in Christus kan jy bely: Ek is oorwinnaar, nee, selfs méér as ‘n oorwinnaar!

Sing: Psalm 119:62, 63

Ds. T.J Potgieter (Bloemfontein-Noord)